**Huiswerkvel 30 (Hoofstuk 15)**
**Memorandum**

1. Identifiseer die **onderwerp**, **gesegde** (werkwoord of werkwoordgroep) en **voorwerp** in die volgende sinne:

1.1 My pa sal die gras sny.
Onderwerp: *My pa*
Voorwerp: *die gras*
Gesegde: *sal sny*

1.2 Hy kan goed Wiskunde doen. (3)
Onderwerp: *Hy*
Voorwerp: *Wiskunde*
Gesegde: *kan doen*

1.3 Eet die kinders die verjaardagkoek? (3)
Onderwerp: *Die kinders*
Voorwerp: *die verjaardagkoek*
Gesegde: *eet*

1.4 Die seun het die meisie in die klas geterg. (3)
Onderwerp: *Die seun*
Voorwerp: *die meisie*
Gesegde: *het geterg*

1.5 Die leerders leer hard. (2)
Onderwerp: *Die leerders*
Voorwerp: *geen voorwerp in die sin nie*
Gesegde: *leer*

2. Skryf die volgende sinne in die **lydende vorm**:

2.1 Sy stap die klaskamer binne. – *Die klaskamer word (deur haar) binnegestap*. (1)
2.2 Soek die selfoon. – *Die selfoon moet gesoek word*. (1)
2.3 Jong kinders glo sprokies. – *Sprokies word deur jong kinders geglo*. (1)
2.4 Doen nou jou huiswerk. – *Jou huiswerk moet nou gedoen word*. (1)
2.5 Julle moet die kinders met lekkernye bederf. – *Kinders moet met lekkernye bederf word*. (1)
2.6 Hulle sê hy is ŉ goeie rugbyspeler. – *Daar word gesê dat hy ŉ goeie rugbyspeler is*. (1)
2.7 Ouma het die aandete verbrand. – *Die aandete is deur ouma verbrand*. (1)
2.8 Wie het haar daar gesien? – *Deur wie is sy daar gesien?* (1)

3. Skryf die volgende sinne in die **bedrywende vorm**:

3.1 Die leerders word gereeld deur die hoof aangemoedig. – *Die hoof moedig gereeld die leerders aan.* (1)
3.2 Daar word geglo dat dit ŉ ongeluk was. – *Hulle glo dat dit ŉ ongeluk was.* (1)
3.3 Die poegie word deur ŉ meisie bestuur. – *ŉ Meisie bestuur die poegie.* (1)
3.4 ŉ Goeie oefenprogram word deur die afrigter gegee. – *Die afrigter gee ŉ goeie oefenprogram* (1)
3.5 Hierdie aksie is deur die leiers van die gemeenskap gesteun. – *Die leiers van die gemeenskap het die aksie ondersteun.* (1)